## BOEKBESPREKING

Ds. P. J. de Bruyn, *Die plek van die mens in die etiek van H. M. Kuitert. 'n Kritieke bespreking van sy etiek teen die agtergrond van sy vernaamste dogmatiese beskouings,* Pro Rege 1978 Potchefstroom. 182 Bladsye.

Die skrywer stel hom in hierdie studie ten doel om die etiek van Kuitert, en veral die plek van die mens in sy etiek, weer te gee en te beoordeel, en wel teen die agtergrond van Kuitert se vernaamste dogmatiese beskouinge. Sy konklusie is dat die etiek van Kuitert deur en deur humanisties is.

Die eerste deel van die studie handel oor die dogmatiese agtergrond en aandag word bestee aan Kuitert se leer oor God, oor die Heilige Skrif en oor Jesus Christ.

Daarna word die etiese konsepsies van Kuitert weergegee en geëvalueer, eers die „teoretiese" etiek, waar aandag gegee word aan: Die openbaring van God se wil; die Skrifberoep; die norm in die etiek; vryheid en dwang; die plek en taak van die prediking in die etiek; die ordeninge of strukture; die wêreld. Hierna volg aspekte van die „praktiese" etiek by Kuitert, soos: rewolusie; die dood; aborsie; eutanasie; huwelik en egskeiding; homoseksualiteit.

Die boek word afgesluit met 'n samevattende beoordeling, 'n „summary" en 'n bronnelys.

Die skrywer moet gelukgewens word met sy moedige poging om die etiek van Kuitert, wat in 'n baie groot mate verskuild lê in sy grotendeels dogmatiese geskrifte, uit te sif en op tafel te lê. As geheel beskou, moet gesê word dat die skrywer hiermee 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die uitbou van die Etiek as teologiese wetenskap. Of Kuitert hom deur die kritiek aangesproke sou voel, is natuurlik 'n ander vraag. Dit moet egter baie waardeer word dat die skrywer telkens vanuit die Skrif sy kritiek lewer. Die paar kritiese opmerkinge wat hier volg, moet gesien word teen die agtergrond van bg. waardering.

Wat die dogmatiese agtergrond betref, sou dit sinvol gewees het as Kuitert se koninkrykkonsepsie bespreek gewees het. Rewolusie en Koninkryk is vir hom baie nou geskakel.

Oor De Bruyn se bespreking van die tema „rewolusie" wil ek met hom swaarde kruis. Sy kritiek op Kuitert kom wesenlik daarop neer dat die gelowige volgens Rom. 13 hom aan die mag en gesag van die owerheid moet onderwerp omdat dié mag en gesag van God kom. Daarmee skep die skrywer die indruk dat hy t.o.v. die rewolusie-vraagstuk pasifisties dink. Maar die Gereformeerde teologie (en kerk) was nog nooit pasifisties t.o.v. die oorlog- sowel as rewolusie-vraagstuk nie. Daar is nog altyd onderskei tussen 'n regverdige en onregverdige oorlog én tussen 'n regverdige en onregverdige rewolusie. So het Calvyn in sy *Institutsie* en preke 'n wettige opstand (rewolusie/rebellie) erken en so het die Sinode van die Geref. Kerk in 1916 ook besluit. As ons vandag 'n rewolusie afwys, dan moet ons dit doen omdat dit 'n *onregverdige* rewolusie is en nie bloot omdat dit 'n rewolusie is nie. Of anders moet ons kies vir pasifisme (wat baie verleidelik is).

'n Tweede saak wat ek wil noem, is die skrywer se verset teen Kuitert se humanisme, waarvoor daar waardering kan wees. Maar ek kry soms die indruk dat die verset teen die humanisme so hewig is dat daarmee saam alle humaniteit dreig om te verdwyn. Christelike etiek moet m.i. nie humanisties wees nie, maar dit moet tog voluit *humaan* wees. In die Bybel word tog ook genoem dat naastediens *gods*diens is (Jak. 1 : 27) en Christusdiens (Mat. 25 : 40). Die hele O.T.e boodskap word soms saamgevat as naasteliefde (Matt. 7 : 12) en

die hele wet word vervul in een woord: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Gal. 5 : 14; Rom. 12 : 8). Goeie werke is ook dit wat „goed en nuttig is vir die mense" (Tit. 3 : 8). Hierdie moeilike tekste moet ons nie te gou gladskuur met 'n verwysing na die dubbele liefdesgebod nie, maar ons moet hulle in hulle uitdagendheid en weerbarstigheid op ons laat neerkom (vgl. 1 Joh. 4 : 20). Want ek kan my goed voorstel dat Kuitert, nadat hy ons indringende kritiek teen hom aangehoor het, sal vra: Maar hoe lyk die daaglikse lewe onder Christene in Suid-Afrika?

'n Derde saak wat ek wil noem, en dit is m.i. 'n groot leemte, is die feit dat die skrywer 'n hele aantal belangrike bronne van Kuitert nie geraadpleeg het nie. Ek verwys na die volgende — in die wete dat ook dit nie volledig sal wees nie — met die oog op verdere besinning oor die etiek van Kuitert:

*De Spelers en het spel,* W. ten Have NV Amsterdam 1966 (2) ('n boek wat N. H. Ridderbos by geleentheid uitstekend genoem het); *In de kring,* W. D. Meinema NV Delft 1965 (Katkisasiehandboek saam met G. P. Hartvelt); *Het Koninkrijk* in: *Het voornaamste stuk der dankbaarheid,* De Graafschap Aalten (1966) (178—192); *Het Tweede Gebod* in: *De thora in de thora I,* De Graafschap Aalten (1967) (65—83); *Erläuterungen zu Jürgen Moltmanns Theologie der Hoffnung* in: *Diskussion über die „Theologie der Hoffnung",* Chr Kaiser Verlag München 1967 (184—188); *In gesprek met Van Ruler* (red. G. C. Berkouwer en A. S. van der Woude), G. F. Callenbach NV Nijkerk 1969 (33—47); *Evidenz oder Krise des Ethischen* in: *Septuagessimo Anno. Theologische opstellen aangeboden aan Prof. Dr. G. C. Berkouwer,* J. H. Kok Kampen 1973 (128—151); *Vernieuwing van de wereld* in: *Weerwoord. Reacties op Dr. H. Berkhof's „Christelijk Geloof",* G. F. Callenbach BV Nijkerk 1974 (191—200); *De wil van God doen* in: *Ad Interim. Opstellen... aangeboden aan Prof. Dr. R. Schippers,* J. H. Kok Kampen (1975) (180—195); *De vrede van God en de vrede van de wereld* in: *Kerk en Vrede. Opstellen aangeboden aan prof. dr. J. de Graaf,* Ten Have Baarn 1976 (66—84).

J. H. v. W.

Dr. J. van Genderen: *De Continuïteit van Geloof en Kerk* (Apeldoornse Studies nr. 12). Kok, Kampen, 33 blss. f7,90.

Die dogmatikus van die Chr. Geref. Kerk skryf hier oor die toekoms van geloof waaraan ook die toekoms van kerk verbonde is. Op grond van die Woord van God kan van die continuïteit van geloof en kerk gepraat word. Hy bespreek die onderwerp met verwysing na kontemporêre en skrywers uit die Reformasie, Luthers sowel as Calvinisties en verwys na verskillende Belydenisskrifte. Hy wys die „Buceriaanse habitualisme" waarin die geloof as 'n „saad" verstaan word (p. 11 v) sowel as die „conditionele denkpatroon" (14 v) af. Die volharding van die gelowiges is die basis vir die belydenis van die kerk. Die onverganklikheid van die kerk lei ons nie af uit wat daarvan afgeteken word nie, maar uit die werk van God (31).

Hierdie aktuele en boeiende probleem is beheersd en gekonsentreerd aan die orde gestel en bespreek. Ons kan dit sterk aanbeveel.

B. S.

Prof. D. Nauta, Dr. J. P. van Dooren e.a.: *De Nationale Synode van Dordrecht 1578.* Buijten en Schipperheijn, Amsterdam 1978. 208 blss. f35.

Die subtitel lui: Gereformeerden uit de Noordelijke en Zuidelijke Nederlanden bijeen. Nauta stel die Sinode bekend, prof. F. R. J. Knetsch behandel

die Sinode en die posisie van die Waalse Kerke, dr. R. H. Bremmer die nasionale betekenis van die Sinode, Gerard Moreau, die betekenis van die Sinode van 1578 vir die Calvinisme in die Suidelike Nederlande (in Frans), prof. W. van 't Spijker die kerkorde en handelinge van die Sinode en dr. J. P. van Dooren die toestand van die Gereformeerde "kerk" in 1578 en die „deelnemers van de Synode". Akademici uit verskillende kringe het in die Kerkhistoriese Geselskap saamgewerk om die Dordtse Sinode van 1578 van verskillende kante te belig. Die funderende betekenis van hierdie eerste „nasionale" sinode was die motief vir hierdie studie. Die kerke uit die suidelike Nederlande het vir 'n kort tyd met die noordelikes saamgegaan op die basis wat in 1571 te Emden gelê was. Die basis is verder gekonsolideer en die selfstandigheid van die Waalse Kerke onder die ander Gereformeerde Kerke het sterk na vore getree. Na 400 jaar het die Kerkhistoriese Geselskap dus rede gehad om die tema te bestudeer.

Ek beskou hierdie publikasie belangrik omdat dit 'n onmisbare bron sal wees by enige verdere of nagraadse studie oor die ontwikkeling van die Gereformeerde Kerkregering of die geskiedenis van die Geref. Kerk in Nederland gedurende die 16de eeu.

Uit die verskillende artikels kan daar ook vir ons in Suid-Afrika onderwerpe vir besondere studie uitgelig word. Die eerste belangrike aspek is die verhouding tussen die Waalse en Nederlandse Kerke, waarin die verband en verhouding tussen kerk en etnisiteit onmiskenbaar sy rol gespeel het. Hiermee saam gaan die invloed van die Waalse Kerke op die ontwikkeling van die liturgie en die Kerkorde, o.a. hulle milder opvatting by die toepassing van die tug, t.o.v. die Nederlanders. Van kardinale belang is die invloed wat politiek, selfs dit wat poiltiek moontlik was (p. 86), op die kerklike ontwikkeling gehad het. Kerkgeskiedenis en kerkregtelike ontwikkeling word te veel kompartementeel bestudeer — om onafhanklik t.o.v. die politiek te bly. Die inwerking van kontemporêre politiek, bv. op Nederlandse gereformeerdes in hulle siening op Suid-Afrika vandag, kan net so min verontagsaam word as wat S.A. politiek kerklike optredes in S.A. in die oë van die Nederlanders bepaal.

Dit is opmerklik dat wat Nederlanders met trots t.o.v. hulle eie kerklike ontwikkeling sal konstateer, naamlik die intieme saamgaan van die nasionale volkswording met hulle gereformeerde kerklike ontwikkeling, hulle vandag in hulle rassistiese opset met „blanke" en „swartes" in Suid-Afrika nie kan waardeer nie. Die Sinode van Dordrecht 1578 is daarom so belangrik omdat Nederlandse en Waalse Kerke daar nog werklik saamgewerk het en die Sinode in 'n sekere sin die oorgang vorm van Waalse dominering na suiwer Nederlandse kerkontwikkeling (vgl. p. 67).

Die studies werp ook lig op die invloed van die Franse Kerkorde op die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling, op die duidelike uitgangspunt van plurale kerke (gemeentes) wat met mekaar in kerkverband vergader en daarom in vertroue d.m.v. afgevaardigdes hulle verbind om besluite as hulle eie besluite te aanvaar, voordat die wantroue in sinodes opgekom het (p. 129). Treffend is die stelling van Van 't Spijker dat die kerk in ballingskap sy vryheid beter as in 'n vry land belewe het (135).

Die Acta van die Sinode is in sy geheel gepubliseer (137—184). Ons kan hierdie werk wat smaakvol op glanspapier gedruk is, van harte aanbeveel by elke Teologiese Bibliotek en by diegene wat in die kerkreg en kerkgeskiedenis belangstel.

B. S.

Herbert J. Brinks, *Schrijf spoedig terug*, Brieven van immigranten in Amerika 1947—1920. Prijs: f.23,90. Uitgeverij Boekencentrum b.v., 's Gravenhage. 176 pag. Geïllustreerd.

Dis 'n baie, baie oulike boekie wat deur al ons predikante gelees moet word.

Herbert Brinks wat, as ek reg is, 'n dosent in Grand Rapids is, het in 1976 ongeveer 1400 briewe opgespoor wat deur Nederlandse emigrante in die ‚States' na hulle ‚tuisland' Nederland geskryf is. Hy voeg oulike en insiggewende kommentaar by. Dit word deur oulike fotos verhelder. Die kerklike kant van die immigrantelewe kry ruimskoots aandag. Wanneer 'n mens hierdie boekie lees, vra jy jou af waarom die lotgevalle van Nederlandse emigrante na Suid-Afrika nog nie op so 'n model te boek gestel is nie.

Opvallende parallelle kan tussen die immigrante na Amerika en die na Suid-Afrika getrek word. Ons noem enkele voorbeelde. 'n Groot persentasie van die Nederlandse immigrante na Amerika in die vorige eeu was Afgeskeidenes. Die ou Hollandse Gereformeerde Kerk (vgl. die N.G. Kerk) het uit die dae van Stuyvesant dateer. Die immigrante het hulle eers daarby aangesluit. In 1857 het hulle egter die Christian Reformed Church gestig. Kerk en skool het steeds 'n groot rol by die immigrante gespeel. Predikante het eers uit Nederland gekom. In 1876 is die seminarie in Grand Rapids opgerig, wat almeer onder die invloed van A. Kuyper gekom het (p. 121). Mense soos Hulst en Ten Hoor het hulle teen daardie invloed versit. In Suid-Afrika siteer D. Postma Kuyper net een keer en dan nog waar hy 'n Kuyper-vereerder, ds. S. J. du Toit, aanhaal. Totius het egter aan die V.U. sterk invloed van Kuyper ondergaan. Prof. Helenius de Cock, die vriend van Postma, het hier net soos in Amerika veel invloed ten goede op kerk- en skool-gebied uitgeoefen. (Helenius de Cock se historiese invloed en betekenis is gering geag, vgl. Chr. Enc. en by H. Bavinck, en moet nog beskrywe word). Immigrante kom voor die vraag te staan: moet ons ons *in alles aansluit* by die Amerikaanse kultuur en volledig integreer? Hulle weerstand teen die Amerikaanse Droom in etniese verbande en invloed word geteken (p. 126, 172 e.v.) Dit val op dat Brinks meedeel dat die Amerikaanse regering die laaste tyd meer oog kry vir die waarde van etniese verbande en die positiewe waarde daaruit begin waardeer, vgl. die Nederalndse immigrante se eie skole, vakbonde, krante en politieke partye. ‚Ze geloofden, dat vele Christenen, die niet tot de Hollands-Amerikaanse gemeenschap behoorden, aangetrokken konden worden door deze instellingen' (p. 126).

Ek twyfel of die skrywer reg doen aan die Afgeskeidenes wanneer hy hulle bekrompe en piëtistisch voorstel en die uitgroei van die organisasie-lewe aan die invloed van dr. A. Kuyper toeskrywe. In Suid-Afrika was dit Postma en die ‚doppers' wat skole georganiseer het. Die hele organisasie het (onder invloed van nasionalisme?) later weer verbrokkel. Ons kan sê dat daar steeds Hollanders was (en is!) wat 'n ander kant uit wou gaan. Brinks toon ook aan dat die Hollandse kerke in Amerika tydens die Boereoorlog baie geld vir Suid-Afrika bymekaar gemaak het. Ds. H. Beuker skrywe anno 1899: „Hier in Amerika wordt veel sympathie gevonden met de Transvaalsche Boeren van Zuid-Afrika.... Wij hopen zeer dat Engeland zijn onrecht en ontrouw dubbel betaald krijgt. Tot dusver verhoort de Heere het gebed van ons en onze stamgenooten" (p. 165).

In die Postma-argief is verskillende briewe uit Amerika. Hierin lê stof

vir 'n vergelykende studie tussen die Hollands-Amerikaanse en Hollands-Afrikaanse kerklike lewe en hulle dwarsverbindings.

C. van der Waal.

K. Exalto, *„De Roeping. Een reformatorische bezinning"*, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam, 1978, 87 bladsye, R6,71.

Hierdie boekie is 'n breër uitwerking van 'n lesing wat die skrywer voor 'n samekoms van predikante in Nederland gelewer het.

Die onderwerp is die roeping tot die heil. Exalto wys daarop dat hierdie saak teenswoordig nie veel aandag kry in die teologie nie. Met die klem op die heil van hierdie wêreld en op die kosmiese perspektiewe het die roeping van die enkeling tot saligheid 'n saak geword waaroor deesdae min geskryf word. Daar word in die moderne dogmatieke nie meer 'n hoofstuk aan „Roeping" gewy nie en by sommige kom dié woord selfs nie in die register voor nie.

Exalto gaan eers na wat die Skrif (veral die N.T.) oor die roeping sê, daarna bring hy Luther en Calvyn taamlik uitvoerig ter sprake en derdens verwys hy na ons belydenisskrifte. Die verhouding Woord en Gees en die verband tussen prediking en uitverkiesing loop soos 'n goue draad deur die hoofstukke. In die laaste hoofstuk trek hy die lyn deur tot in ons tyd (Steenblok, Woelderink).

Die studie sou seker aan aktualiteit en betekenis gewen het as die skrywer die Skriftuurlike verband tussen die heil van die enkeling en die kosmiese perspektiewe aangetoon het, ook met kritiek op die teologieë van rewolusie en bevryding. Maar hy het ons ongetwyfeld 'n diens bewys deur juis in die huidige teologiese klimaat oor die roeping te skrywe.

FRANS VAN DER WALT.

B. J. van der Walt, *Heartbeat, Taking the pulse of our Christian theological and philosophical heritage,* Potchefstroom 1978, 307 lbs. Verkrygbaar teen R3,00 by I.B.C., Potch. Un. vir C.H.O., Potchefstroom 2520.

Dr. Bennie van der Walt wil in hierdie versamelbundel 'n bydrae lewer tot noodsaaklike terreinverkenning, maar hy wil tewens 'n klip in die bos werp en die oë oopmaak vir die noodsaak van korreksies. Baie figure en rigtings kom aan die orde. Die antieke Griekse denke, die ontmoeting van Arabiese en Christelike beskawings in die middeleeue, groot figure soos Thomas Aquinas, Bonaventura en Duns Scotus, en natuurlik ook Calvyn en die latere ortodoksie.

Die bedoeling van dr. van der Walt, wat oorsee verskillende kongresse oor die middeleeuse filosofie meegemaak het, is om 'n kort inventarisasie te gee wat duidelik maak *dat die „calvinisme" nie in alles volkome met die middeleeuse skolastiek gebreek het nie.* By Calvyn is daar nog sekere skolastieke elemente te vinde (bv. in sy mensbeskouing). Na hom was dit egter veel erger. 'n Valse sintesedrang het die oorhand gekry, sodat geloof losgemaak is van die wetenskap.

Ons glo dat dr. van der Walt hier iets beet het. Hy spreek selfs van „the immense difference between Calvin and Calvinism" (p. 280). Met Calvinism" bedoel hy seker Kuyperiaanse calvinisme.

Maar nou moet ons verder. En hoe? Die konstatering *dat* daar tussen Calvyn (en op 'n manier ook Luther) en ons 'n stuk skolastiek geskuif het, help op homself nie veel as dit nie opgevolg word nie.

Ons moet ons egter nie voorstel dat ons 'n heeltemal *nuwe* taak aanpak nie. Dis werklik nie so dat daar in hierdie verband nie baie aanvoorwerk was nie. Behalwe in die skool van Vollenhoven en Dooyeweerd het die verset teen die skolastiek (of soos Luther sou sê: Hure Vernunft) onbekend gebly of dit is bewustelik of onbewustelik verswyg. Daarom het die natuur-genade-skema Suid-Afrika nog vandag in 'n kragtige greep. Wanneer ons vandag die stryd teen die skolastiek wil aanbind, sal ons moet breek met die gewoonte om feite agterweë te hou. Daar sal méér op die tafel moet kom as wat dr. van der Walt gedoen het en .... daar sal ook 'n meer kritiese houding ingeneem moet word teenoor figure uit Die GKN wat hier nogal populariteit geniet, maar in werklikheid die skolastiek help bevorder, ondanks hul verklarings dat dit so gevaarlik is.

'n Paar voorbeelde van mense wat hulle duidelik teen die skolastiek versit het: Op die werk van ds. Janssonius van Veendam en van ds. Ouboter van Woubrugge sal gelet moet word; hulle het pogings aangewend om kant te kies teen allerlei skolastiese onderskeidings wat die Nadere Reformasie gebruik het, soos: uitwendige en inwendige roeping, en meer.

Prof. Helenius de Cock het ten aansien van die verbond gebreek met die skolastieke onderskeiding van uitwendige en inwendige verbond. Hy is hierin deur ds. D. Postma gevolg (wat op hierdie punt baie teenstand gekry het: die S. D. Venter-kwessie!). Dit word tyd dat ons raaksien dat Postma — om 'n anakronisme te gebruik — op *hierdie* punt amper „vrygemaakt" was en dat 'n verwerping van die Vrymaking gelyk staan met 'n verwerping van Postma.

In hierdie verband kan ook prof. dr. K. Schilder genoem word wat sy ganse lewe gewy het aan die bestryding van die na-reformatoriese skolastiek. Ook die figuur ds. J. C. Sikkel het op verskillende punte 'n ander rigting as die skolastiese dr. A. Kuyper gewys. Derhalwe is prof. Hepp, 'n skolastikus, bo hom aangeskrywe.

Wanneer ons die huidige calvinisme aan die pols voel, dan moet daar 'n *vervolg* op *Heartbeat* kom en moet *die* figure na vore gehaal word wat geweldige aanvoorwerk gedoen het. Dit krap my dat in Heartbeat uitsprake van manne soos bv. prof. dr. C. van der Woude en prof. dr. H. Nauta aangehaal word om te bewys dat die na-Reformasie-tyd skolasties van inslag was (p. 278, 280). Daar kon tog werklik wel ander genoem word, wat nie alleen dit gekonstateer het nie, maar ook hul lewe ingesit het om die skolastiek te bestry. Juis hierdie twee manne — en ek spreek uit ervaring! — het alles in die stryd gewerp om die BESTRYDING van die skolastiese denkwyse die nek te breek. Hulle het hul kragte gegee om skolastiese formuletjies as „goddelike waarhede" te behou, selfs al moes Schilder en Greijdanus geskors word.

Hierdie leerdwang het uitgeloop op 'n belydenis-*losheid*. Die huidige situasie binne GKN (sinodaal) word gekenmerk deur verering van die natuurlike teologie.

Deurgaans word die Vrymaking in SA beskou as 'n teoloë-rusie. Ek gun mense hierdie bekrompe standpunt. Die geskiedenis sal egter uitwys dat die botsing juis op *die* punte uitgebars het, *waarop dr. van der Walt die vinger gelê het*. Ek sou graag wil sien dat dit ook openlik na vore kom.

Die skrywer verwys ook na prof. dr. J. H. Bavinck. Persoonlik het ek baie van hierdie leermeester van my gehou. Maar ons moet tog oog hê vir die feit dat sy *Religieus besef en christelijk geloof* (wat op p. 276 aangehaal word) duidelik die natuurlike religie importeer as hy J. Sperna Weiland byval wanneer hy sê dat die kreet van Rom. 7 : 24 verneem word in die roep om

*bevryding* wat die moderne mens laat opklink *(Rel. besef,* p. 87). *Daarteen* het Janse, Schilder en baie ander geveg.

Die tyd is dan ook ryp dat Kuyper (wat soms in dr. van der Walt se boek opduik; p. 133!) nader bekyk word. Kuyper is die man wat skolastiek+ Hegeliaanse gedagtes gekombineer het. Die werk van Beucher en Ten Hoor in Amerika kan hier aandag kry.

Die vraag moet na vore kom: Na watter kant gaan ons Suid-Afrikaanse teologie ten aansien van kerk, verbond en amp uit? Bly ons by 'n afgewaterde Kuyperianisme, wat indirek die pad na Kuitert baan, of is ons bereid om die mes van kritiek te hanteer? Met die stel van 'n diagnose is ons nog nie eers halfpad nie.

Ek wil graag enkele programmapunte noem waaraan ons in Suid-Afrika noodsaaklik aandag moet gee:

1. Die Nadere Reformasie en veral die agtiende eeu is 'n terrein wat, uitgaande van wat dr. van der Walt na vore gebring het, nader ondersoek moet word. Die Voortrekkers het geleef uit die teologie van à Brakel en ander „outeurs". Daardeur het hulle 'n groot stuk skolastiek geassimileer wat nog altyd in bepaalde onderskeidings na vore kom (verg. v. d. Walt, p. 222!). Dit moet alles geanaliseer word sodat ons kerkgeskiedenisbeoefening bo die biografiese uitkom.
2. Ons het reeds die posisie van ds. D. Postma in hierdie verband genoem. Uit die gegewens wat bv. prof. Jooste oor die Venter-kwessie na vore gebring het, skemer daar 'n botsing tussen „Calvyn" en die skolastiek deur.
3. Daar is verder die figuur van Totius, die leerling van dr. A. Kuyper. Ons pretendeer dat ons geen heiliges kanoniseer nie. Die tyd is egter ryp dat op grond van sy publikasies en klasdiktate nagegaan word in hoeverre hy die verkeerde soort calvinisme wat dr. van der Walt tereg afwys, aangehelp het.
4. Daar is die werk van Schilder en sy skool asook van sy teenstanders. In hoeverre word kommentare soos van prof. dr. J. Ridderbos en prof. dr. G. Ch. Aalders (bv. in die *Korte Verklaring)* deur verkeerde skolastiese onderskeidings beïnvloed? Laasgenoemde is belangrik, want daarmee kry elke predikant wat hom goed voorberei weekliks te doen. Daar is ook predikante wat Schilder, Holwerda en hul skool raadpleeg. Dit is noodsaaklik dat aangetoon word *waarom* daar by hulle teengif teen *enersyds* skolastiek en *andersyds* eksistensialistiese teologie te vinde is.
5. Myns insiens moet ook aandag gegee word aan die „Toronto-teologie en -filosofie". In hoeverre word daarin natuurlike teologie teen die *sola Scriptura* ingespan? As mens besig is met die hart-slag, is dit ook goed om dr. Hendrik Hart van Toronto by die pols te hou.

* * *

Die belangrike punte wat dr. van der Walt aan die orde stel, het ons breedvoerig hierop laat ingaan. Wat ons geskrywe het moet hierdie publikasie aanbeveel omdat dit die lesers aan die dink kan sit.

Die boek is goed vertaal (D. N. R. Levey). By 'n herdruk kan die skryfwyse van die arm Nederlands, 'n uniforme sitering van boeke (met voorletter van outeur en plek van uitgawe) en 'n outeursregister aandag geniet.

C. VAN DER WAAL.

P.S. Nadat die bostaande geskryf was, het ons in die omsendbrief nr. 2 van die I.B.C. gelees, dat dr. B. J. van der Walt saam met ander hom in opdrag van die I.B.C. sal besin oor „Die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika". Dr. van der Walt sal die onderwerp: „Calvyn en die Nadere Reformasie" nader bestudeer. Met belangstelling sien ons na die studieresultate van hom en ander (prof. dr. N. T. van der Merwe, dr. D. Kempff, prof. dr. M. Elaine Botha) uit.

Vorster, W. S. (red.) Kerk en Samelewing. Verrigtinge van die eerste simposium van die Instituut vir Teologiese Navorsing (UNISA) gehou te Pretoria by die Universiteit van Suid-Afrika op 20 en 21 September 1977. Pretoria UNISA.

Op hierdie simposium is ses referate rondom die tema: Kerk en Samelewing deur bekende teoloë en 'n sosioloog gelewer. Hierdie referate is in 'n bundel opgeneem en is in 1978 deur UNISA gepubliseer. Beide die simposium asook die publikasie moet verwelkom word omdat hiermee 'n baie aktuele en inderdaad belangrike terrein betree is — iets wat in Suid-Afrika tot nog toe 'n groot leemte was. Daarom is dit noodsaaklik om aan hierdie publikasie indringende aandag te gee.

1. In die eerste referaat behandel prof. J. H. Roberts van die dept. Ou en Nuwe Testament van UNISA die tema: „Church and Society in the New Testament". Sy uitgangspunt is om soveel as moontlik van die N.T. gegewens oor die onderwerp te sistematiseer en kursories te bespreek. Eerstens toon hy met duidelike Skrifbewys aan dat die N.T. 'n „negatiewe siening" oor die samelewing huldig in die sin dat die menslike samelewing as dekadent beskou word omdat dit van God vervreem is. Vervolgens sê hy dat die N.T. egter ook 'n „positiewe siening" oor die samelewing huldig in die sin dat die kerk 'n taak het wat gerig is op die samelewing. Hy wy sy referaat dan verder aan die ontleding van sekere aspekte van hierdie taak onder die subtitels: kerk en vrede, kerk en versoening, kerk en eenheid, kerk en toekoms en kerk en sending. Hoewel prof. Roberts hier 'n mooi logiese onderskeiding maak wonder 'n mens tog of die terme „negatiewe en positiewe siening" 'n gelukkige keuse is. Om te sê dat die kerk 'n roeping t.o.v. die samelewing het en dit dan te beskou as die N.T. se positiewe siening van die samelewing, laat nie reg geskied aan die N.T. gegewens in hierdie verband nie, omdat dit in hierdie gegewens gaan om die kerk en nie om die samelewing as sodanig nie.

Die begrip: „kerk en vrede' behandel hy in die perspektief van die Koninkryk en sy kort uiteensetting hieroor is beslis 'n suiwer stem tussen die baie stemme wat vandag hieroor gehoor word. So ook sy gebalanseerde oorsig oor kerk en versoening.

kerk op grond van Joh. 17. Die kerngedagte is dat die eenheid van die kerk wesensbelangrik is vir sy roeping in die samelewing. Dit is jammer dat hier nie ook aan Joh. 17 : 6 aandag gegee is nie. Die eenheid is noodsaaklik, maar moet tog eerstens berus op die waarheid. Die kerk moet nie net één wees om sy roeping te vervul nie, maar omdat hy die woord bewaar. aDn eers het sy roepingsvervulling sin. 'n Hens mis die balans van die vorige twee besprekings in hierdie gedeelte.

Vervolgens behandel prof. Roberts die tema: kerk en toekoms ook in perspektief van die Koninkryk wat reeds hier is, maar nog nie voltooi is nie. Dit bring mee dat hy ook hier 'n skrifgetroue siening oor kerk en

toekoms ontwikkel en dat hy nie verval in die moderne standpunt dat die kerk hier en nou alles moet verwerklik of die ortodokse standpunt van volkome wêreldmyding nie. Sy kort verwysing na die sendingroeping van die kerk in die samelewing en die konkluderende opmerkings oor die liturgie en die Heilige Gees is 'n verdere bewys van die mooi balans wat in hierdie referaat gehandhaaf word. Die geheelindruk is dat prof. Roberts poog om die Skrif te laat spreek en daarin is die groot waarde van die referaat geleë — juistetmeer omdat daar tans oor hierdie tema wyd uiteenlopend standpunte bestaan.

2. Die titel van die tweede referaat is: Kontemporêre modelle vir die verhouding van kerk en samelewing en is gelewer deur prof. J. J. F. du Randt, van die dept. Dogmatologie en Hisiologie van die Universiteit van Wes-Kaapland.

   Hy gee eerstens aandag aan die Rooms-Katolieke natuur-genade model soos dit weerspieël is in die middeleeuse Corpus Christianumgedagte en later uitgedruk is in die Gaudium et Spes. Dan wys hy daarop hoe die model verder uitgebou (en afgebuig) word deur Gutierrez in die Derde Wêreld en Metz in die Westerse wêreld. Dit is belangrik dat hy wys op hierdie kontemporêre ontwikkelinge en die Roomse Teologie omdat die Roomse teologie nog dikwels vanuit Protestantse kant slegs beoordeel word op sy middeleeuse model.

   Tweedens behandel hy die Lutherse Twee Rykemodel. Ook hier wys hy eers op die klassieke model en wys daarna op die wegbreek daarvan deur Bonhoeffer en die matige interpretasie daarvan deur Helmuth Thielicke. Vervolgens bespreek hy die Gereformeerde Christokratiese model waarin hy aandag gee aan Calvyn, Kuyper en Barth. Hy wys ook op die gevare van die Kuyperiaanse onderskeiding instituut-organisme en die invloed daarvan op die kerklike lewe in Suid-Afrika. Dit is egter 'n leemte dat die verdere ontwikkelinge in die Gereformeerde teologie waarin sterk klem gelê word op die Koninkryksgedagte nie ook bespreek word nie, want dit sou meer reg laat geskied aan die Christokratiese model.

   Ten slotte gee hy aandag aan die kontemporêre Rewolusionêr-ekatalogiese model en wys vlugtig hier op die invloed van die neo-Marxisme en die aktuele bydraes van Cox, Moltmann en Ekaull. In sy geheel gesien het prof. du Randt daarin geslaag om 'n breë terrein binne die bestek van 'n referaat, effektief te behandel.

3. Die derde referaat handel oor: A sociological analysis of the Church—a matter of perspective. Dit is gelewer deur prof. C. Alant van UNISA se dept. Sosialogie. Hierin ontleed hy ook verskillende modelle insake die sosiologiese posisie van die kerk in die samelewing waarna hy dan 'n eie bydrae hieroor bied. Die eerste model wat hy bespreek is die „integrasie-model" waarin die kerk gesien word as 'n sosiale instituut wat deur die samelewing self geskep is om die samehang van die samelewing te bevorder, deur te vergader en saam te voeg.

   Die tweede model wat hy bespreek, is die sg. „manipulation model". Dit is waar die kerk, veral by die Marxisme en neo-Marxisme, beskou word as 'n instrument waardeur die „bourgeoisie" die arbeider onderdruk. Die kerk is dan 'n temperende invloed wat die arbeider tevrede moet hou met sy lot. Tereg sê Alant dat hierdie model gelei het tot pogings om hierdie kritiek te akkommodeer en dit het gelei tot verskeie totaal nuwe beskouings oor die funksie van die kerk.

Die derde model is die sg. „dialogiese model" (eie vertaling — J.M.V. wat hyself as alternatief wil aanbied. Volgens die model moet die kerk nie samehorigheid of verskeuring bevorder nie, maar kommunikasie. Dit pas hy dan ook toe op die sosiopolitieke situasie in Suid-Afrika. Hy pleit dat die kerk die volle implikasies van so 'n „dialogiese" beleid moet besef.

Die lees van hierdie referaat lei tot 'n prinsipiële vraag. Dit is: Kan die sosiologie, bloot op grond van sosiologiese gegewens 'n voorskrywende funskie t.o.v. die kerk vervul? Word die beginsels vir kerklike aktiwiteit t.o.v. die samelewing dan nie primêr gevind in die Skrif nie? Anders gestel: Moet die kerk nie sy funksie bepaal uit Skrifgegewe beginsels eerder as om dit te plooi volgens die eise van die samelewing nie? Myns insiens het hierdie sosiologiese voorskrifte aan die kerk gelei tot die vele huidige tendensieuse kerkbeskouinge.

4. In 'n volgende referaat het prof. C. W. H. Boshoff van die dept. Godsdiens- en Sendingwetenskap van UP aandag gegee aan: „Die profetiese roeping van die kerk in die samelewing." Na 'n duidelike woordontleding van die begrippe waarmee hy werk, gee hy 'n redelik uitgebreide godsdiens-historiese en kerklik-historiese oorsig oor die vraagstuk. In die kerklik-historiese oorsig gee hy agtereenvolgens aandag aan die Sendingbeweging, die ekumeniese beweging, die evangeliese kerke en die nuwere teologiese strominge. Hoewel hierin oorvleueling is van aspekte wat reeds in ander referate behandel is, gee prof. Boshoff tog eie belangrike aksente.

Voorts bied hyself 'n teologiese antwoord. Hy sê dat die profetiese roeping van die kerk in die samelewing 'n veel omvattende saak is. Onder die profetiese roeping verstaan hy nie dat die kerk (as instituut — J.M.V.) 'n bloudruk vir sosio-politieke verbetering moet opstel nie. Die kerk moet hom liewer hou by kritiese besinning oor aktuele sake en dan verder die lidmate toerus om (as organisme? — J.M.V.) in die samelewing betrokke te wees. Verder lê hy tereg klem op die missionêre taak van die kerk en pleit vir 'n missionêre diakonaat, wat impliseer kerklike materiële bystand aan kerke wat minder het.

Dit blyk dat prof. Boshoff nog staan op die Kuyperiaanse standpunt — die standpunt wat prof. du Randt in sy referaat as 'n probleem aangestip het. Myns insiens verteenwoordig hierdie verskilpunte juis die dilemma van die Afrikaanse kerke in die formulering van hulle roeping t.o.v. die samelewing. Aan die eenkant word daar gepleit vir kerklike institusionele betrokkenheid en aan die ander kant vir betrokkenheid van die kerk as „organisme", in terme van Kuyper. Moet daar nie in die kringe van die drie Afrikaanse kerke duideliker hieroor besin word nie?

5. Die vyfde referaat is gelewer deur A. Nolan, hoof van die Dominikaanse orde in Suidelike Afrika. Die titel is: „Problems of the Church in society."

Vanweë die feit dat die referaat nie sistematies opgestel is nie en amper geheel en al berus op die referent se eie ervaringe, is die referaat moeilik om te ontleed. Dit blyk dat hy veral twee probleme in die oog het. Dit is die kommunikasiegaping tussen die kerk aan die eenkant en die staat en bedryf aan die ander kant en die vraagstuk rondom die saambring van gelowiges (veral swart gelowiges) in die stad. Verder wys hy ook op die verdeeldheid van die kerk as 'n besondere probleem in die verkondiging van die kerk tot die samelewing.

Voorts pleit hy daarvoor dat die kerk naas sy kennis van die Woord,

ook kennis moet neem van God se optrede in die verloop van die geskiedenis. Die kerk moet van God leer soos Hy lewend en aktief is in die wêreldgebeure. Hierdie waarheid wat uit Skrif en geskiedenis geleer word moet dan deur die kerk in die samelewing aangewend word en „all the problems of church in society will disappear into thin air" (p. 66). Sodoende kan die kerk ook sy eie probleme oplos.

Ongelukkig ontbreek hierdie referaat aan teologiese en sosiologiese diepgang. Oor hierdie aktuele onderwerp is reeds baie goeie navorsing gedoen in Roomse en Protestantse kringe. Min van die resultate hiervan word in die referaat gevind. Die verhaaltjie aan die einde wat blykbaar bedoel is as 'n „skrikmakertjie", aan die blanke kerke, pas, myns insiens, nie in 'n akademiese geselskap nie omdat dit ontbreek aan wetenskaplike objektiwiteit en aanleiding gee tot 'n eensydige konklusie.

6. Die bundel word afgesluit met 'n lang en soms wydlopige referaat deur prof. C. H. Rautenbach, voormalige rektor van UP, en dit handel oor: Die toekoms van die kerk in die samelewing. Hierin laat val hy die kollig veral op die „sosiaal-etiese, insluitende politieke afmetings van christelike kerk-bly in Suid-Afrika".

Hy sien twee kardinale sake op die toekomsagenda van die kerk in Suid-Afrika. Bo aan staan die kerk se „akute betrokkenheid in die sosiaaletiese uitdagings, waaruit ook nog 'n ekumeniese taak op eie werf spruit" (p. 71). Verder sal dit vir die kerke moet gaan om 'n geloofwaardige vertolking van die boodskap van die Bybel deur die kerk vir moderne mense saam met wat dit impliseer vir die kerk se houding t.o.v. wetenskapsbeoefening" (p. 71).

Daarna gee hy breedvoerige aandag aan ontwikkelinge in Nederland, veral in die GKN oor die eerste saak. Hy wys op die snelle veranderinge in hierdie kringe en die reperkussies wat dit meegebring het vir die Afrikaanse Calvinistiese kerke. Voorts gee hy ook aandag aan die aktiwistiese kerkbegrip van die WRK. Dit is vir hom die toedrag waarmee kerk en samelewing al hoe meer in SA gekonfronteer word.

Sosiaal-etiese betrokkenheid sien hy egter nie as 'n heel nuwe toekomstaak van die kerk in Suid-Afrika nie en toon hy duidelik aan dat die Afrikaanse kerke reeds sedert die oorlog daarmee besig is. Dit blyk egter 'n aktuele vraag in die nabye toekoms.

In die tweede deel van die referaat gee hy enkele riglyne oor die geloofwaardige vertolking van die Bybel vir die moderne mense — dit wat hy beskou as tweede kardinale aspek van die toekomstaak van die kerk. Hierin behandel hy ook historiese en resente ontwikkelinge in hierdie verband in Europa en die implikasies daarvan vir Suid-Afrika. Hy eindig by die hele vraagstuk Bybel en wetenskap. In hierdie verband gee hy eers aandag aan die ontwikkelinge in die Vrye Universiteit van Amsterdam oor die afgelope 90 jaar. Die klemverskuiwing van die christelike wetenskap na „christelike wetenskapsbeoefening" is vir hom 'n reformatoriese tendens „omdat dit die Bybel as geloofsboek en die vrye wetenskap op goeie voet me. mekaar," laat staan. By implikasie sien hy dit as 'n riglyn vir toekomstige ontwikkelinge in Suid-Afrika. Oor hierdie laaste stelling kan egter met prof. Rautenbach lank gedebateer word, omdat met goeie reg ook die stelling gemaak kan word dat daar eerste 'n deformatoriese proses in die Vrije Universiteit voltrek is. 'n Verdere vraag is of hy nie 'n ietwat te simplistiese siening oor die begrip „christelike wetenskap" huldig nie.

Samevattend kan gesê word dat hierdie bundel baie mooi gesigspunte oor die verkondiging kerk en samelewing openbaar. Daar is egter nog baie onbeantwoorde vrae en UNISA sal kerk en teologie 'n groot ondiens bewys deur net met die publikasie te volstaan. Dit behoort tot verdere besinning op wye vlak aan te spoor.

Dr. J. M. VORSTER.

Mr. F. T. Oldenhuis, *Rechtsvinding van de Burgerlije Rechter in Kerkelijke Conflicten*, De strijd om het selfstandig bestaan van de plaatselijke kerk, De Vuurbaak, Groningen 1977 80 bl.

INHOUD

In die ‚Woord vooraf' vermeld die skrywer, 'n regsdosent van die Universiteit van Groningen, onder meer die volgende: ‚De opzet van deze studie is, een onderzoek te doen naar de houding van de burgerlijke rechter, die geconfronteerd wordt met kerkelijke twisten. Het onderzoek zal worden beperkt tot de Gereformeerde Kerken in Nederland. Voor een verantwoorde oordeelsvorming is in de eerste plaats nodig, door te dringen tot het wezen van het gereformeerde kerkrecht. Dit gebeurt in het *eerste hoofdstuk*. De eigenaardigheid van het kerkrecht wordt daar behandeld. Vanuit de Heilige Schrift worden de aard en de functie van het kerkrecht belijnd en belichaamd....

In het *tweede hoofdstuk* wordt het gereformeerde kerkrecht, zoals dit zich na de Reformatie heeft ontwikkeld, beschreven. Enkele artikelen uit de kerkenordening, die in deze periode ontstaat (Emden 1571—Dordrecht 1618/19) zullen worden besproken met de bedoeling het gereformeerde kerkrecht begrijpelik te maken. In het tweede hoofdstuk zal blijken, dat de zelfstandigheid van de plaatselijke kerk een hoeksteen is van het gereformeerde kerkrecht.

In het *derde hoofdstuk* wordt onderzocht wat de houding van de burgerlijke rechter is, als hij geconfronteerd wordt met kerkelijke twisten op het gereformeerde erf, die uitmonden in een kerkbreuk en een strijd om de kerkelijke goederen. De juridische problematiek wordt aan de hand van de drie bekende gereformeerde kerkbreuken — de Afscheiding van 1934, de Doleantie van 1886 en de Vrijmaking van 1944 — besproken....'

BELANG VIR SUID-AFRIKANSE KERKE

Die skrywer het daarin geslaag om op 'n populêr-wetenskaplike wyse hierdie belangrike onderwerp te behandel. Duidelik is dat die Nederlandse regbanke die eie reg van die betrokke kerke toepas of probeer toepas. Hul mag egter nie tree in die beoordeling van sake van geloof wat nie tewens regsvrae inhou nie. Die Nederlandse regspraak is vir Suid-Afrika indirek van groot betekenis omdat die grondslae van die moderne Nederlandse reg insake kerklike regspersone nog dieselfde is as die van die Romeins-Hollandse reg.

Ek beveel die lees en bestudeer van die geskrif vir teoloë en regsmanne aan. Dit behoort egter krities te gebeur want skrywers wat in die verlede self in konflikte betrokke was het moontlik, al is dit te goeder trou, die probleme nie voldoende raakgesien nie. As kommentaar en voorbeelde daarvan noem ek die volgende.

WAT IS REGSVINDING?

As verantwoording van die titel van sy geskrif vermeld die outeur net die volgende: ‚Voor de vaststelling van het concrete recht tussen partijen is niet

rechtstoepassing het juiste woord, ook niet rechtsvorming of rechtsschepping, maar rechtsvinding. Het recht is er, doch het moet gevonden worden, in de vondst zit htet nieuwe.'

Hierdie omskrywing sou kon aandui dat die regter die reg maak en nuwe reëls daarvoor vasstel. Hierdie gedagte van ,judge-made law' is egter nie met die Romeinse reg in ooreenstemming nie. Digeste 50.17.1 lui so: *Regula est, qua rem, quae est, breviter enarrat, non ex regula jus sumatur: sed ex jure quod est regula fiat.* Hier toegepas beteken dit: die reëls van die kerkreg wat die Kerkorde kortliks opsom, is nie die bron van reg nie; maar die reëls van die Kerkorde is ontleen aan die reg wat die Skrif, die Belydenisse, die kerklike formuliere en dergelike vermeld. Die Kerkorde moet in die Skriflig verklaar word na ernstig Skrifondersoek.

Digeste 1.3.12: *Non possunt omnes articuli sigillatim aut legibus aut senatusconsultis comprehendi: sed cum in aliqua causa sententia eorum manifesta est, is qui jurisdictioni prae-est, ad similia procedere, atque ita jus dicere debet.* In hierdie konteks beteken dit dat die Kerkorde nie al die reëls kan bevat nie, maar dat as die bedoeling daarvan in die Skriflig duidelik is, die kerklike en wêreldlike regspraak volgens daardie bedoeling moet oordeel.

ARTIKEL 50 KERKORDE

Op bl 28 word gestel dat 'n generale sinode ,in de regel om de drie jaar' gehou moet word. Die Afrikaanse teks is duideliker: ,die nasionale sinode vergader driejaarliks'. Dit wil sê ,alle drie jaren eens' volgens die teks van 1619, elk derde jaar, *tertio quoque anno;* dus nie ,in de regel', maar volgens die reël. Die bedoeling daarvan is om te voorkom dat die sinode 'n permanente bestuur (geen liggaam, soos die skrywer op bl. 29 ten onregte stel) word. Daarom kan die tyd wel korter geneem word, maar nie verleng word nie. Dit was 'n strydpunt in 1944 (Gyk K. Schilder, Eerste- en tweede hands gezag Groningen s.j. bl 27—30).

RUTGERS OOR APPÈLREG

In 'n voetnoot op bl 30 verwys die skrywer sonder kritiek na die opinie van Rutgers, waar hy stel dat 'n meerdere vergadering 'n uitspraak van 'n mindere vergadering nie kan vernietig nie maar net kan uitspreek dat dit nie op goeie en genoegsame gronde berus nie. Die mindere vergadering sal op sy uitspraak moet terugkom. As die mindere vergadering daarteen onoverkomelike beswaar het, kan hy in beroep gaan by die klassis, partikuliere en algemene sinode. Volgens Rutgers is die rede dat die mag van die meerdere vergadering afhanklik is van die mindere vergadering.

Hoewel ek die antihiërargiese bedoeling van Rutgers kan waardeer, meen ek tog dat hy die funksie van besluitvorming en regspraak van meerdere vergadering nie juis waardeer nie. Indien twee partye in 'n burgerlike geskil ooreenkom om die beslissing daarvan aan een of meer skeidsmanne op te dra, hou dit gewoonlik in dat die uitspraak bindend sal wees vir albei partye, mits die skeidsman handel binne die grense van sy bevoegdheid. Dieselfde gebeur in art 31 Kerkorde wat bepaal dat 'n uitspraak van 'n meerdere vergadering bindend *is* tensy dit *ultra vires* is weens strydigheid met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde. Dit is meer as wat Rutgers beweer sonder dat dit nogtans hiërargie beteken, want die hoogste gesag bly die Woord van God. Op bl 32 word 'n betere opvatting vermeld, naamlik dat die kerke in beginsel aan besluite van meerdere vergaderinge gebonde is.

VERBREKING VAN KERKVERBAND

Die skrywer stel in die voetnoot op bl 33: ,Wanneer uiteindelijk een kerk zich niet neerlegt bij de uitspraak van de meerdere vergadering, maar haar gevoelen geldigheid wil geven, dan scheidt zij zich daardoor en daarmee af van het kerkverband.' Ek glo dat hierdie stelling absoluut is en nooit 'n reël sonder uitsondering kan wees nie. Art 85 van die Kerkorde bepaal dat die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, in middelmatige dinge nie veroordeel moet word nie. Volgens die gees van hierdie bepaling is dit afhanklik van die aard en die erns van die verskil in opvatting of 'n gemeente wat onwillig is om een of meer sinodebesluite te aanvaar, lid van die samewerkingsverband van die kerke kan bly. Net soos 'n kerkraad in geval van tugoefening toleransie op 'n lidmaat kan toepas sonder om hom van die gemeenskap af te sny, kan 'n verband van kerke toelaat dat 'n lidkerk wat een of meer besluite van meerdere vergaderings nie wil aanvaar nie, tog tot die verband bly behoort, tensy die kerk self die verskil te ernstig ag om in die verband te bly.

Het die gestelde rigoreuse toepassing moontlik 'n rol gespeel by die skeuring in die Nederlandse vrygemaakte kerke in 1967?

PROF. L. ROELEVELD, Durban.